# Wiskunde Graad 4

## Kwartaal 1: Afronding en Afrekking

**Vraag 1:**

1.1 Skat die antwoord van 438 + 376 deur elke getal tot die naaste 100 af te rond.

____________________________________________________________

1.2 Bereken die antwoord van 438 + 376 deur die vertikale ondermekaar-metode te gebruik.

1.3 Kontroleer of jou antwoord reg is deur die inverse (teenoorgestelde) bewerking te doen.

1.4 Skat die antwoord van 837 – 574 deur elke getal tot die naaste 100 af te rond.

____________________________________________________________

1.5 Bereken die antwoord van 837 – 574 deur die vertikale ondermekaar-metode te gebruik.

Kopiereg@Marise Oberholzer www.boxndice.co.za

1.6 Kontroleer of jou antwoord reg is deur die inverse (teenoorgestelde) bewerking te doen.

**Vraag 2: Los die volgende woordprobleme op**

2.1 Daar is 753 seuns wat aan wintersport deelneem. Party doen hokkie en ander rugby. As 275 seuns aan rugby deelneem, hoeveel neem aan hokkie deel? Gebruik eie metode

2.2 Op ’n dag lees Willem 187 bladsye in sy boek. Die volgende dag lees hy 398 bladsye. Hoeveel bladsye het hy altesaam gelees?. Kontroleer dan jou antwoord deur die inverse (omgekeerde bewerking) te doen.

Kopiereg@Marise Oberholzer www.boxndice.co.za